# *Klein Karoo* KLASSIQUE MUSIC PROGRAMME

**11 – 13 AUGUST 2017 OUDTSHOORN**

## FRIDAY 11 AUGUST

### *CH2 in Konsert*

*With* **Corneille Hutten (guitar) and Dirkie van Staden (guitar)**

The virtuoso guitar duo CH2 has received two SAMA awards, as well as various other awards. Enjoy classical masterpieces by Tárrega, Rodrigo, Bach as well as hits including *Tussen treine, Vyfster* and their own unique flamenco style compositions. Classical music, pulsating Latin, Spanish music and music from Africa are combined with a dash of nostalgia and unique sounds in their distinctive style – with meticulous fingers, masterful techniques and their comfortable stage personalities.

**11 August | 18:00**
**NG Moederkerk**
**R125 | 60 min**

## SATURDAY 12 AUGUST

### *Vivaldi se Vier Seisoene herbesoek*

*With* **Petrus de Beer (violin), Stanislav Angelov (accordion) and Schalk Joubert (bass and recitation)** *Producer* **Petrus de Beer**

Vivaldi composed his *Four Seasons* for string orchestra in 1723. This timeless masterpiece was published with four poems and it is believed that Vivaldi wrote the verses himself. Now these three musicians have reworked this piece by Vivaldi in a unique way, without assistance from an orchestra. The sonnet that was specially translated from Italian to Afrikaans by Dr Dawid de Villiers, is recited by Joubert and binds the four musical seasons together. Journey through the seasons with word and music.

**12 August | 09:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 70 min**

### *Folk Baroque*

*With* **Camerata Tinta Barocca: Bridget Rennie-Salonen (traverso), Jesse Groenewald (baroque violin), Uwe Grosser (theorbo and baroque guitar), Cheryl de Havilland (baroque cello) and directed by Erik Dippenaar (spinet)**

Camerata Tinta Barocca presents an exciting programme of baroque music, inspired by and based on folk songs and dances. The programme, performed on period instruments, includes Barsanti's arrangements of *Scots airs*, Geminiani's *trio sonatas* based on Scottish folk songs, Scarlatti's sonatas influenced by Spanish folk music, early 17th-century Italian dances and a lament by the most famous late 18th-century Scottish folk fiddler, Niel Gow.

**12 August | 11:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 60 min**

### *Alleenstryd: Hendrik Hofmeyr Huldigingskonsert*

*With* **Minette du Toit-Pearce (mezzo soprano), Lauren Dasappa (soprano), Jolene McCleland (mezzo soprano) and José Dias (piano)** *Guest performance* **Hendrik Hofmeyr**

In honour of Hendrik Hofmeyr's 60th year, this recital provides a glimpse into the vocal compositions of this musical maestro. Look forward to music including *Alleenstryd* (text by S.V. Petersen), *Of Darkness and the Heart* (text by Fiona Zerbst), *Vroeë liefde* (text by Wilhelm Knobel) and *In die skadu van die son* (text by Lina Spies).

**12 August | 15:00**
**NG Moederkerk**
**R125 | 60 min**

### *Carmen – in die kleine*

*With* **Jolene McCleland as Carmen (mezzo soprano), Lauren Dasappa as Michaëla / Frascuita (soprano), Linette van der Merwe as Mercédès (mezzo soprano), Chris Mostert as Don José / Le Remendado (tenor), Niël Rademan as Escamillo (baritone) and Raimondo van Staden as Le Dancaïre (baritone)** *Piano accompaniment* **José Dias** *Composer* **Georges Bizet**

This concert version of one of the most popular operas in the classical canon is condensed to an hour-long work for this occasion, without compromising the integrity of the original work. All the highlights are presented in a chronological order, with the artists interpreting more than one role.

**12 August | 18:00**
**NG Moederkerk**
**R125 | 60 min**

## SUNDAY 13 AUGUST

### *Spieël-dans in die maanlig*

*With* **Jana van der Walt (harp) and Rina Schutte (cello)**

Enjoy the sounds of two instrumental favourites: harp and cello. With Bach's well-known *Arioso* from the baroque period and the romantic melodies of Gounod's *Ave Maria*. This is followed by music from the artists' favourite composers: Debussy and Pärt. *Clair de Lune* literally means light of the moon and is inspired by, and named after, a poem by Paul Verlaine. It is a powerful work that will sweep the audience away. *Spiegel im Spiegel* by Arvo Pärt has the same impact, but with a minimalistic approach for a musical work, filled with meaning. The music is calm, sentimental, timeless and incorporates silence. The programme ends with *Hallelujah, Starry Starry Night* and *The Nightingale*, all three songs reflecting back to significant creatives.

**13 August | 09:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 80 min**

### *Beethoven Tango*

*With* **Zanta Hofmeyr (violin) and Charl du Plessis (piano)**

*Beethoven Tango* appeals to an inquisitive musical palate and combines the refined qualities of Hofmeyr's classical technique with the improvisatory magic of contemporary piano. As the name suggests, *Beethoven Tango* is a unique musical journey joining the fire of tango rhythms and the sounds of world music, jazz and Beethoven, with hits like *An Englishman in New York, Fragile, Libertango, Fields of Gold* and Errol Garner's *Misty* amongst others. Look forward to a unique stylistic interpretation of well-known works, utilising the energy of fresh, new arrangements by Du Plessis. The first collaboration of Hofmeyr and Steinway Artist Du Plessis was in 2011, culminating in nation-wide tours and a critically acclaimed album, *Beethoven Tango*. As established violinist and graduate of the Julliard School of Music, Hofmeyr has recorded five CD's and has a rose named after her. Du Plessis was the first pianist to perform on Table Mountain and has released eight albums.

**13 August | 11:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 70 min**

### *ATKV Afsluitings-konsert*

*With* **Megan-Geoffrey Prins (piano), Tatiana Thaele (flute), Palesa Malieloa (soprano) and Philippus Hugo (piano)** *Compiled by* **Philippus Hugo** *Producer* **Ilse Schürmann (on behalf of the ATKV)**

A concert with musical flair, performed by the cream of South Africa's young classical talent, an ideal end to Klein Karoo Klassique. Prins was the overall winner of the biggest instrumental classical music competition in South Africa (ATKV-Muziq) in 2016, Thaele was runner up of this competition and Malieloa was the 2016 overall winner of the biggest classical competition for vocalists in South Africa, ATKV-Muziq*anto*. Thaele and Malieloa are accompanied on piano by Hugo.

**13 August | 14:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 70 min**

## SPONSORS

RUPERT-MUSIEKSTIGTING

shanti nilaya trust

ATKV

*Tickets at Computicket*

**www.klassique.co.za** **Klein Karoo Klassique** **@kkarooklassique**

# *Klein Karoo* KLASSIQUE MUSIEKPROGRAM

**11 – 13 AUGUSTUS 2017 OUDTSHOORN**

**VRYDAG**
**11 AUGUSTUS**

## *CH2 in Konsert*

*Met* **Corneille Hutten (kitaar) en Dirkie van Staden (kitaar)**

Die virtuose kitaarduo CH2 het reeds twee SAMA-toekennings en 'n reeks ander toekennings ingepalm. Kom luister na klassieke meesterstukke van Tárrega, Rodrigo, Bach en ander treffers soos *Tussen treine, Vyfster* en hul eie unieke flamenco-styl komposisies. Met vlytige vingers, meesterlike tegniek en gemaklike verhoogpersoonlikhede voer hulle 'n kombinasie van klassieke musiek, polsende Latyns, Spaans, Afrika-musiek en 'n skeut nostalgie uit, met unieke klanke in hul eiesoortige styl.

**11 Augustus | 18:00**
**NG Moederkerk**
**R125 | 60 min.**

**SATERDAG**
**12 AUGUSTUS**

## *Vivaldi se Vier Seisoene herbesoek*

*Met* **Petrus de Beer (viool), Stanislav Angelov (trekklavier) en Schalk Joubert (baskitaar en voordrag)** *Vervaardiger* **Petrus de Beer**

Vivaldi het sy *Vier seisoene* in 1723 vir 'n strykorkes gekomponeer. Dié tydlose meesterstuk is saam met vier gedigte gepubliseer en daar word vermoed dat Vivaldi self die verse geskryf het. Nou het hierdie driestuk-musikante dié Vivaldi-werk op 'n unieke manier verwerk, sonder die bystand van 'n orkes. Die sonnette is spesiaal deur dr. Dawid de Villiers uit Italiaans in Afrikaans vertaal, word deur Joubert voorgedra en bind die vier musikale seisoene saam. Kom reis deur die jaargetye met woord en musiek.

**12 Augustus | 09:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 70 min.**

## *Folk Baroque*

*Met* **Camerata Tinta Barocca: Bridget Rennie-Salonen (traverso), Jesse Groenewald (barokviool), Uwe Grosser (teorbe en barokkitaar), Cheryl de Havilland (barok-tjello) en musikale leiding deur Erik Dippenaar (spinet)**

Camerata Tinta Barocca bied 'n opwindende program van barokmusiek aan, geïnspireer deur, en gebaseer op, verskeie volksmusiektradisies. Die program, uitgevoer op outentieke barokinstrumente, sluit in Barsanti se verwerkings van Skotse volksmelodieë, Geminiani se *trio sonates* gebaseer op Skotse volksliedjies, 'n klavesimbel-sonate van Scarlatti met Spaanse volksmusiekinvloede, vroeë 17de-eeuse Italiaanse danse en 'n lament deur die mees beroemde laat-18de eeuse Skotse *folk fiddler*, Niel Gow.

**12 Augustus | 11:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 60 min.**

## *Alleenstryd: Hendrik Hofmeyr Huldigingskonsert*

*Met* **Minette du Toit-Pearce (mezzo-sopraan), Lauren Dasappa (sopraan), Jolene McCleland (mezzo-sopraan) en José Dias (klavier)** *Gasoptrede* **Hendrik Hofmeyr**

Hierdie gedenkkonsert ter ere van Hendrik Hofmeyr se 60ste lewensjaar gee 'n klein blik op die vokale komposisies van dié musikale reus in ons midde. Musiek op die program sluit in *Alleenstryd* (teks deur S.V. Petersen), *Of Darkness and the Heart* (teks deur Fiona Zerbst), *Vroeë liefde* (teks deur Wilhelm Knobel) en *In die skadu van die son* (teks deur Lina Spies).

**12 Augustus | 15:00**
**NG Moederkerk**
**R125 | 60 min.**

## *Carmen – in die kleine*

*Met* **Jolene McCleland as Carmen (mezzo-sopraan), Lauren Dasappa as Michaëla / Frascuita (sopraan), Linette van der Merwe as Mercédès (mezzo-sopraan), Chris Mostert as Don José / Le Remendado (tenoor), Niël Rademan as Escamillo bariton) en Raimondo van Staden as Le Dancaïre (bariton)** *Klavierbegeleiding* **José Dias** *Komponis* **Georges Bizet**

Hierdie konsertweergawe van een van die gewildste operas in die klassieke kanon is spesiaal vir hierdie geleentheid gereduseer tot 'n uurlange werk, sonder om enige integriteit van die oorspronklike stuk in te boet. Al die hoogtepunte word chronologies voorgedra met sangers wat meer as een rol vertolk.

**12 Augustus | 18:00**
**NG Moederkerk**
**R125 | 60 min.**

**SONDAG**
**13 AUGUSTUS**

## *Spieël-dans in die maanlig*

*Met* **Jana van der Walt (harp) en Rina Schutte (tjello)**

Luister na die klanke van twee instrument gunstelinge: die harp en tjello. Met Bach se bekende *Arioso* uit die baroktydperk, gevolg deur die romantiese melodielyn van Gounod se *Ave Maria*. Hierna musiek van die kunstenaars se gunsteling komponiste: Debussy en Pärt. *Clair de Lune* beteken lig van die maan en is geïnspireer deur en vernoem na 'n gedig van Paul Verlaine. Dit is 'n kragtige werk wat die gehoor sal meevoer. Arvo Pärt se *Spiegel im Spiegel* het dieselfde impak, maar met 'n minimalistiese aanslag vir 'n musiekwerk vol betekenis. Die musiek is kalm, sentimenteel en tydloos, met stiltes ook gekomponeer. Die program eindig met *Hallelujah*, *Starry Starry Night* en *The Nightingale*, met al drie werke wat noemenswaardige kunstenaars reflekteer.

**13 Augustus | 09:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 80 min.**

## *Beethoven Tango*

*Met* **Zanta Hofmeyr (viool) en Charl du Plessis (klavier)**

*Beethoven Tango* spreek tot die ondersoekende musikale palet en kombineer die verfynde kwaliteit van Hofmeyr se klassieke tegniek, met die improvisasie toorkrag van kontemporêre klavier. *Beethoven Tango* is 'n unieke musikale reis wat die vuur van tango-ritmes met wêreldmusiek, jazz en Beethoven byeenbring met treffers soos onder andere *An Englishman in New York, Fragile, Libertango, Fields of Gold* en Errol Garner se *Misty*. Sien uit na 'n unieke stilistiese interpretasie van welbekende werke, met vars nuwe energie van Du Plessis se verwerkings. Die eerste samewerking van Hofmeyr en Steinway-kunstenaar Du Plessis, was in 2011 en het uitgeloop in landswye toere en 'n hoogsaangeskrewe album, *Beethoven Tango*. Hofmeyr, 'n gevestigde violis en graduandi van die Julliard School of Music, het reeds vyf CD's vrygestel en daar is 'n roos na haar vernoem. Du Plessis was die eerste pianis wat op Tafelberg opgetree het en het reeds agt CD's vrygestel.

**13 Augustus | 11:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 70 min.**

## *ATKV Afsluitings-konsert*

*Met* **Megan-Geoffrey Prins (klavier), Tatiana Thaele (fluit), Palesa Malieloa (sopraan) en Philippus Hugo (klavier)** *Programsamesteller* **Philippus Hugo** *Vervaardiger* **Ilse Schürmann (namens die ATKV)**

'n Konsert met musikale *flair* deur die room van Suid-Afrika se jong klassieke talent, ideaal geskik om Klein Karoo Klassique op 'n hoë noot af te sluit. Prins was in 2016 die wenner van Suid-Afrika se grootste instrumentele klassiekemusiekkompetisie (ATKV-Muziq), Thaele die naaswenner van dié kompetisie en Malieloa die 2016-wenner van Suid-Afrika se grootste klassiekesangkompetisie, ATKV-Muziq*anto*. Thaele en Malieloa word deur Hugo op klavier begelei.

**13 Augustus | 14:30**
**NG Moederkerk**
**R125 | 70 min.**


BORGE

RUPERT-MUSIEKSTIGTING

shanti nilaya trust

ATKV